



e-Kampkrummels-ætra

Kitsnuusblad van Streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie

Nommer 2, 22 Februarie 2011

Jurie rig uitnodiging aan 100-plussers

“Elke jaar sluit daar nuwe lede by die 100-plus saamtrekke aan en vanjaar se vier geleenthede sal geen uitsondering wees nie. Ek nooi elkeen wat reeds 100 saamtrekke het hartlik uit om die eerste naweek in Maart te kom saamkamp.”

So sê Jurie Dreyer, nasionale voorsitter.

Die oorhoofse organi-

aanvaar en sedertdien vind dit elke jaar plaas.

“Aanvanklik het die saamtrek geroteer tussen die noorde en die suide van die land maar drie jaar gelede is besluit om dit nader aan die mense te bring. Gevolglik vind daar hierdie jaar vier sulke saamtrekke die eerste naweek in Maartmaand

staaltjies met ander te deel en lekker te gesels oor die 100+ saamtrekke wat agter die rug is.”

Op ‘n vraag of dit net ‘n saamtrek is vir lede wat minstens 100 algemene saamtrekke agter die blad het, het Chris gesê:

“Die gedagte was dat die saamtrek suiwer vir dié lede is wat gekwalifiseer het. Op ‘n stadium toe die saamtrek nog kon rondskuif is daar toere vanuit die noorde (Pretoria) gereël om die saamtrek by te woon. Om getalle te kry om die toer die moeite werd en "vol" te maak is daar toe lede toegelaat wat nie gekwalifiseer het nie. Hulle het egter ‘n gewone nasionale (blou) saamtrekplaatjie gekry omdat hulle nog nie 100 saamtrekke gehad het nie. Later is hierdie vergunning teruggetrek en is die saamtrek net vir 100-plussers.

“Die saamtrek moet nie gesien word as dat dit ander lede uitsluit nie maar eerder as ‘n lekker geselligheid en oor en weer vertelling van wedervaringe van byvoorbeeld toere, besoeke en

Jurie Dreyer, nasionale voorsitter



ander herinneringe.

“By die saamtrekke is dit groot pret om te bepaal wie die mees onlangse lede is wat die mylpaal van 100 saamtrekke bereik



100-plussers by ‘n vorige saamtrek: Chris Delpport, Jan Viljoen, Willem Gerber en Christo van der Merwe

seerder van die saamtrekke, Chris Delpport, het die uitnodiging verwelkom en lede aangemoedig om so gou as moontlik by die Sawa-kantoor te bespreek. Hy het vervolg:

“Die 100 Plus het sy ontstaan vyftien jaar gelede gehad toe die destydse nasionale ondervoorsitter, Johan Pretorius, op die gedagte gekom het van so ‘n saamtrek. Sy voorstel is

plaas naamlik in die gebiede Goeie Hoop (Ou Skip), Kaap Middelland (Gamtoos), Oranje-Goud saam met Vaal-driehoek en Stellaland (Klipdraai) en laastens die noordelike gebiede (Mopani).

“Die doel is dat die saamtrek spesifiek sal wees vir lede wat 100 of meer saamtrekke gehad het om saam te kuier en

Bets en Martiens Joubert, 2010 se ‘babas’



het. Die mense wat uiteindelik aangewys word, word die babas genoem. En ‘n baba dra mos ‘n doek en suig ‘n fopspeen! Hierdie gebruik het spontaan ontstaan.

“Daar word ook ‘n “burgemeester” vir die naweek aangewys komplete met ‘n ‘ketting’ van blou plaatjies. Dit is bloot vir die pret en hy het nie ‘n amptelike funksie nie.

Berigte en foto’s deur Johann Lemmer

Wat is die 100 Plus?

In Oktober 1995 het die gedagte ontstaan om almal wat reeds 100 algemene saamtrekke bygewoon het, jaarliks te laat saamkamp om “oor die begindae” te gesels. Algemene saamtrekke is die term wat gebruik word vir die totale getal

saamtrekke insluitende geleenthede soos eie streeksaamtrekke, die Presidente, Kongres, gebiedsaamtrekke ens. Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, het beklemtoon dat dit nie ‘n groep binne ‘n groep is nie maar eerder lede wat ‘n besondere mylpaal in hulle Sawa-lewe bereik het. Sy ervaring is dat lede wat onlangs 100 saamtrekke behaal het, graag die 100+ geleenthede bywoon.